


Rietfluit familiebrief

April 2005

Inhoud

## 2005 Jeugjaar



Hoe kan ons die jongmense/kinders van vandag die beste bereik?

Anders gestel:

Hoe kan jy as Christen ouer/ oupa of ouma/ oom of tannie/ onderwyser/ jeuggroepleier/ kategeet/ ens. van kinders of jongmense die grootste verskil/positiewe invloed op hul lewe hê?

Jim Burns vertel in sy boek "The Youth Builder" hoedat hy by geleentheid van 'n jeugwerkerskonferensie 2 vrae aan die gehoor gestel het, naamlik: 1) *Kyk hoeveel preke kan jy uit jou jongdae onthou! Sê elke keer wie gepreek het en waaroor dit was!;* en 2) *Noem die name van persone wat in jou jongdae op geestelike terrein 'n groot invloed op jou lewe uitgeoefen het.*

Sy ontdekking: "One minute later, no one had come up with five sermons or programs. In fact, the vast majority of the workers could remember only one or two sermons or programs at best. Then I asked them to list five of the most influential people in their life. After one minute, most of the people in the conference had listed four or five people who had influenced their life in a significant way."

Kinders en jongmense word nie soseer deur **programme** bereik nie. Dit word vandag veral bepaal deur **belangrike verhoudings en rolmodelle!**

Jim Burns maak verder in sy boek 'n belangrike stelling :


*"In the past, good youth ministry was often seen as program-oriented - rallies, events, and other elaborate, orchestrated gatherings. However, today we realize that long-term influence with lasting results comes from significant **relationships and role models.**"*

**HOE HET JESUS MENSE BEREIK?** Kom ons staan so 'n bietjie stil by Jesus as rolmodel, en dit aan die hand van Luk. 19:1-10. Wat val jou van Jesus se benadering tot Saggeus, 'n tollenaar, op?

Jesus **maak tyd** vir Saggeus. Daar was beslis baie ander belangrike dinge op sy program, maar Hy skroom nie om by een soekende Fariseër stil te staan nie! **Hy reik na hom uit.** Nie net daar in die boom in die straat nie! Hy **ontmoet Saggeus ook op sy eie werf**, tuis. Hy gaan selfs verder en eet saam met hom! Hy **aanvaar Saggeus onvoorwaardelik.** Jesus is besig om 'n

**verhouding** met Saggeus te bou. Deur vir Saggeus so 'n **model** van *omgee-vir-ander te wees*, word Saggeus in beweging gebring om self ook om te gee vir ander! Lees vers 8.

Dis wanneer ons tyd maak vir ons jongmense en kinders, hulle belangstel en na hulle uitreik op hulle terrein ( skole, sportbyeenkomste, "malls" en sogenaamde "hangouts") terwyl ons hulle onvoorwaardelik aanvaar, dat daar 'n verhouding ontstaan waarin ons as rolmodelle 'n groot invloed op uitoefen!




'n Kind leer net wat iemand aan hom oordra as hy met daardie persoon kan identifiseer. As hy dit nie kan doen nie, verwerp hy dikwels so 'n persoon se pogings om hom te leer. 'n Mens vind soms voorbeelde hiervan in die ouerhuis waar die kind die ouer se waardes verwerp omdat daar nie 'n gesonde verhouding tussen ouer en kind is nie.



Om jou kind/kleinkind/katkisant ens. effektief te bereik, moet ek dus bou aan 'n verhouding met die kind by wie ek betrokke is.


**Geagte ouer/oupa/ouma/kategeet/jeugleier:** *Maak tyd en doen moeite om 'n verhoudingspad te stap met die kind/jongmens by wie jy betrokke is. Jou omgee en moeite en aanvaarding kan 'n verskil/positiewe invloed op die res van sy/haar lewe hê!!*



## KATEGESE : AANDAG ALLE OUERS

**Junior Kategese (gr 1 – 6)** begin Sondae ± 09:30 ná die Kindererediens (wat deur almal bygewoon word), en hou aan tot **minstens** 10:05. Die Kategete mag tot 10:20 klas gee. Wees dus asb. so gaaf om nie kind uit die klas te gaan haal terwyl hulle nog besig is nie.


**Senior Kategese (Jeuggroepe) (gr 7 tot Belyde-nisklas)** – die jongmense kom in die Jeuggroepe byeen om 18:00 tot 18:25, waarna **almal** die aanddiens bywoon tot ± 19:30, met gesprek oor die diens in hul Jeuggroepe net daarna (binne die Kerkgebou) tot ± 19:45. Daarna kan dié wat wil, koeldrank drink en kuier by die Jeugkombuis tot ± 20:00.



**NB** - ons vra hiermee ook dat niemand tydens die aanddiens op die gallery sit nie, asseblief. Navrae: ds. Leon Tait (331 2076)



Pinkster-offer – 15 Mei 2005



Met die nuwe termyn wat begin, is ons as nuwe bestuur nog besig om ons voete te vind. Met al die verskillende aksies wat onder Diens van Barmhartigheid val, gaan dit goed. Ons sal met die volgende nuusbriëf meer inligting aan u deurgee.



Baie dankie aan al die gemeentelede wat so gereeld bydraes bring vir die Koskas. Daar word baie gate toegestop met u bydraes. Dit word baie waardeer.

## Oase vir Ouers



Die bekende prediker Billy Graham het 'n **sespuntplan** gegee hoe om jou kind op die regte pad te begelei:

- Bring genoeg **tyd** saam met jou kind deur. Kinders spel liefde: *t-y-d*.
- Jou **dade** praat harder as jou woorde. Sorg dat jou dae en woorde met mekaar ooreenstem.
- Gee **hoop** aan jou kinders deur positief te wees oor die toekoms en nie onnodige druk op hul te plaas nie.
- Help jou kind om sy aktiwiteite sinvol te **beplan**. Te veel ledige tyd of oorvol programme is albei skadelik.
- Handhaaf goeie **dissipline** in jou huis. Dissipline met duidelike grense vir jou kind, gee 'n gevoel van veiligheid aan jou kind.
- **Leer** jou kinders van **die Here**. Laat hulle Jesus in jou sien en hoor.

Miskien klink dit vir jou byna onmoontlik om hierdie sespuntplan uit te voer, maar met die Here saam kan jy as ouer verseker dit deurvoer.

Hoor wat sê die Here: **Here U sorg vir dié wat aan U getrou is;  
Vir 'n mens wat voluit vir u lewe, gee U alles...  
'n Mens is nêrens so veilig soos by ons God nie.  
(2Sam 22: 26 en 32b uit Die Boodskap)**

**Hou vol om in jou kind te belê vir die ewigheid en sy/haar lewe!**

**Ds Leon van Heerden**



Danksy u wonderlike ondersteuning gaan dit met **Brood vir Nood** se hulpaksies baie goed !

Met u hulp maak ons steeds 'n verskil in die lewens van mense in nood:

- Met u hulp was dit moontlik om meer as 300 mense en gesinne in nood kos te gee die afgelope boekjaar. *Die kos se waarde beloop ongeveer R25,000!*

- Die Moot Hospitaal se sale word weekliks bedien deur 'n opgeleide span werkers.
- Die ondersteuning van personeel by Moot en Villieria Polisiestatie met hulle verjaardae, spesiale dae en met kerstyd gaan onverpoosd voort.
- Die voorsiening van klere aan mense in nood en aan die dowes (*wat die klere vir fondse verkoop*) verloop ook volgens plan.
- Daar is ongeveer 9 papierinsamelings-trollies in omloop. Die instandhoudingskoste van hierdie trollies is hoog (tussen R600 en R800 p). Borge vir instandhouding gaan baie help.
- Die entrepreneursaksie (*Aksie Saamstaan*), beplan verdere werkswinkels.
- Die *Moot Krisis-Kontak* (krisissentrum) is aktief met opleiding van persone om ander met dwelmprobleme by te staan.
- Die *Vriende vir Dowes* is onder leiding van ds. Leon Tait goed op dreef.
- Die projek om leerprodukte te maak en werk te skep, is in proses.
- Enkelouers word gereeld gehelp met fondse.


Die probleem van werkloosheid en verarming onder blankes is toenemende 'n probleem. Solidariteit ondersoek die moontlikheid om in die Moot betrokke te raak ten opsigte van hierdie saak. **Brood vir Nood** sal verseker met hulle hande vat.



**Goeie nuus aan donateurs!** As deel van 'n geregistreerde Art. 18a OWO kan Brood vir Nood aan donateurs wat gereeld bydra of eenmalig 'n redelike bedrag skenk in die toekoms 'n belastingkwotansie gee vir gedeeltelike belasting-vrystelling ten opsigte van die donasie. **Donasies aan Brood vir Nood is dus belastingaftrekbaar in u hande as skenker.**

**Dankie:**

- *Vir almal wat saam met ons omgee vir mense in nood*
- *Vir almal wat ondersteun deur gebed en persoonlike betrokkenheid*
- *Vir almal wat gereeld kos skenk*
- *Vir almal wat klere gee*
- *Vir almal wat maandeliks of eenmalig finansiële bydra*



**U voorstelle en insette is welkom!**  
**Ds Leon van Heerden**

